AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3

GRAAD 11

JUNIE 2015

PUNTE: 100 **TYD: 2 ½ UUR**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Korter transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ‘n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. ALLE beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ‘n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd so:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute

8. Nommer elke teks soos dit in die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.
    LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

- Skryf ‘n opstel van 200-250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die titel wat jy kies, bo-aan.

1.1 MY VRIEND 50

OF

1.2 Hoekom ek? 50

OF

1.3 Vakansie!!
Ek kan nie meer wag nie! 50

OF

1.4 Ek wens … 50

OF

1.5 Daardie dag wil ek nooit weer beleef nie! 50

OF

1.6 Kies EEN van die onderstaande visuele tekste (*bl. 3 en 4*) en skryf ’n opstel daaroor. Gee die skryfstuk ’n gepaste titel.

1.6.1

Bron: http://wallpapers.wallpapersdepo.net [50]

OF

1.6.2

Bron: http://www.pesconsulting.co.uk [50]

OF

1.6.3

Bron: http://blog.bearshare.com [50]

OF

1.6.4

Bron: www.christelijkeverhalen.nl

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het besluit dat jy die vriendskap met 'n jarelange vriend/vriendin wil beëindig. Jou vriend/vriendin is deesdae maats met mense waarvan jy nie hou nie en wat snaakse dinge doen.

Skryf 'n brief aan jou vriend/vriendin waarin jy hom van jou besluit vertel. Verduidelik ook aan hom/haar die redes vir jou besluit.

Bron: http://www.clipartpanda.com [30]

OF

2.2 HULDEBLYK

Jou beste vriend se ouma is onlangs skielik oorlede. Jy het baie vakansies saam met hom/haar by dié ouma gaan kuier. Die familie het jou gevra om 'n huldeblyk by die begrafnis te lewer.

Skryf nou die huldeblyk neer wat jy by die ouma se begrafnis gaan lewer. [30]

OF

2.3 RESENSIE

Jy was onlangs so gelukkig om 'n Afrikaanse rolprent te gaan kyk – vir die eerste keer in jou lewe. Jy het dit baie geniet.

Skryf 'n resensie vir julle skool se koerant oor die rolprent. [30]

OF

2.4 DIALOOG

Jy en jou ma het 'n argument gehad oor jy te laat by die huis gekom het. Jy moes reeds 11 uur tuis wees, maar het eers 2:30 in die oggend by die huis ingesluip!

Skryf die dialoog neer oor wat tussen jou en jou ma gesê is.

Bron: http://www.pyroenergen.com [30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 ADVERTENSIE

Jy en jou maat bak kolwyntjies om geld in te samel vir ’n skooltoer. Ontwerp ’n advertensie waarin jy julle produkte adverteer.

Jou advertensie moet die volgende insluit:
- Die naam van julle besigheid
- ’n Slagspreuk/logo
- Besonderhede van die produk
- Die prys
- Kontakbesonderhede

Illustrasies sal nie in aanmerking geneem word wanneer ’n punt toegeken word nie.

Bron: https://www.recetacupcakes.net [20]

OF

3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Jy wou so graag saam met jou vriende op ’n skoolkamp gaan. Jou ouers het egter geweier.



Skryf in jou dagboek waarom jou ouers jou nie wou laat gaan nie en hoe teleurgesteld jy voel.

Bron: http://www.communitycare.co.uk/blogs

[20]

OF

3.3 WENKE

Jou vriend moet alleen by die huis bly vir ’n hele naweek. Hy/Sy is baie bang. Hy/Sy vra jou raad en ondersteuning. Gee vir hom/haar ’n paar wenke oor hoe hy/sy himself/haarself veilig kan hou.

Skryf AGT wenke neer vir jou vriend. [20]

TOTAAL AFDELING C 20

TOTAAL VRAESTEL 3 100